Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 487 Pretoria, 13 January Januarie 2006 No. 28399

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GOVERNMENT NOTICE		
Environmental Affairs and Tourism, Department of			
Government Notice			
25	South African Weather Service Act (8/2001): Intention to make regulations regarding fees for the provision of aviation meteorological services in terms of section 28 (b)	3	28399

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Omgewingsake en Toerisme, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
25	Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens (8/2001): Voorneme om regulasies te maak aangaande fooie vir die berskaffing van lugvaartweerkundige dienste ingevolge artikel 28 (b)	6	28399

GOVERNMENT NOTICE
GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS AND TOURISM
DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

No. 25 **13 January 2006**

NOTICE OF INTENTION TO MAKE REGULATIONS REGARDING FEES FOR THE PROVISION OF AVIATION METEOROLOGICAL SERVICES IN TERMS OF SECTION 28(b) OF THE SOUTH AFRICAN WEATHER SERVICE ACT, 2001 (ACT NO. 8 OF 2001)

The Minister of Environmental Affairs and Tourism, in terms of Section 28(b) of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001), hereby gives notice of his intention to make regulations regarding fees for the provision of aviation meteorological services as contemplated in Sections 4(2)(e) and 21(1)(b) of the said Act.

The proposed regulations are set out in the Schedule to this Notice.

Interested parties are requested to submit written representations on, or objections to, the proposed regulations to the Minister within 30 days from the date of publication of this notice. Comments must be submitted to the Director-General: Environmental Affairs and Tourism, Private Bag X447, Pretoria, 0001.

P Yako
Director-General: Environmental Affairs and Tourism

SCHEDULE

1. Liability to pay fees for the provision of aviation meteorological services

(1) Fees for aviation meteorological services as contemplated in Sections 4(2)(e) and 21(1)(b) of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001) shall be payable by the operator of an aircraft to the South African Weather Service in respect of a flight undertaken within any flight information region established by the Commissioner for Civil Aviation in terms of the Civil Aviation Regulations, 1997, as amended.

(2) The fees as contemplated in sub-regulation (1) shall be as set out in Schedule 1 of these regulations.

(3) The fees referred to in sub-regulation (2) are exclusive of value-added tax and are therefore subject to the appropriate rate as may be applicable to any specific fee.

(4) The fees as contemplated in sub-regulation (1) shall be payable within 30 days of receipt of an invoice from the South African Weather Service.

2. Information of flights taking place and payment of fees

All the relevant information that is provided by an operator of an aircraft to the Air Traffic and Navigation Service Company of South Africa which will enable that company to calculate an air traffic service charge in terms of the flight, shall be used by the South African Weather Service to calculate the fees as contemplated in regulation 1(1) for that flight.

3. General Regulations

(1) The fees as contemplated in 1(1) shall be payable in respect of South African and foreign state aircraft, unless other provision has been made by means of a written agreement with the South African Weather Service.

(2) No fees as contemplated in 1(1) shall be payable in respect of an aircraft engaged in search and rescue operations and coastal patrol flights of the South African Air Force.

SCHEDULE 1

Fees for the provision of aviation meteorological services

1. <u>Category 1</u>

In respect to an aircraft with a maximum certified mass (MCM) of 2000kg and above, the fee for the provision of aviation meteorological services shall be calculated according to the following formula:

Fee = T x W x D

WhereT = Tariff amount in ZAR

W = Square root of (MCM in metric tonnes divided by 50)

D = Distance flown in kilometres within the flight information region of South Africa in kilometre divided by 100

The tariff for the next three financial years will be as follows:

1 April 2006 – 31 March 2007	R25.89
1 April 2007 – 31 March 2008	R27.00
1 April 2008 – 31 March 2009	R28.36

Exception rule: Aircraft with an MCM between 2000 and 4999 kilograms that operate exclusively under Visual Flight Rules (VFR) fall into Category 2 below.

2. Category 2

In respect to an aircraft with a maximum certified mass (MCM) below 2000 kilograms or those aircraft that qualify according to the exception rule the tariff is set at zero.

No. 25 **13 Januarie 2006**

KENNISGEWING VAN VOORNEME OM REGULASIES TE MAAK AANGAANDE FOOIE VIR DIE VERSKAFFING VAN LUGVAARTWEERKUNDIGE DIENSTE INGEVOLGE ARTIKEL 28(b) VAN DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS, 2001 (WET NO 8 VAN 2001)

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme gee hiermee kennis kragtens artikel 28(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No 8 van 2001), van sy voorneme om regulasies te maak rakende fooie vir die verskaffing van lugvaartweerkundige dienste soos bedoel in artikels 4(2)(e) en 21(1)(b) van genoemde Wet.

Die voorgestelde regulasies word uiteengesit in die Bylae by hierdie Kennisgewing.

Belanghebbende partye word versoek om geskrewe vertoeë betreffende, of besware teen, die voorgestelde regulasies binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aan die Minister voor te lê. Kommentaar moet voorgelê word aan die Direkteur-Generaal: Omgewingsake en Toerisme, Privaatsak X447, Pretoria 0001.

P Yako
Direkteur-Generaal: Omgewingsake en Toerisme

BYLAE

1. Verpligting om fooie vir die verskaffing van lugvaartweerkundige dienste te betaal

(1) Fooie vir lugvaartweerkundige dienste soos bedoel in artikels 4(2)(e) en 21(1)(b) van die Wet op die Suid Afrikaanse Weerdiens (Wet No 8 van 2001) is betaalbaar deur die operateur van 'n vliegtuig aan die Suid-Afrikaanse Weerdiens ten opsigte van 'n vlug wat onderneem word binne enige vluginformasiestreek soos bepaal deur die Kommissaris van Burgerlugvaart kragtens die Burgerlugvaartregulasies, 1997, soos gewysig.

(2) Die fooie soos bedoel in subregulasie (1) is soos uiteengesit in Bylae I van hierdie regulasies.

(3) Die fooie waarna in subregulasie (2) verwys word, sluit nie belasting op toegevoegde waarde in nie en is dus onderworpe aan die toepaslike koers wat van toepassing mag wees op enige spesifieke fooi.

(4) Die fooie soos bedoel in subregulasie (1) is betaalbaar binne 30 dae na die ontvangs van 'n rekening vanaf die Suid-Afrikaanse Weerdiens.

2. Inligting oor vlugte wat plaasvind en die betaling van gebruikers-fooie

Al die toepaslike inligting wat deur die operateur van 'n vliegtuig aan die Lugverkeer- en Navigasiediensmaatskappy van Suid-Afrika voorsien word, wat daardie maatskappy in staat stel om 'n lugverkeerdiensgebruikersfooi vir die doel van daardie vlug te bereken, word gebruik deur die Suid-Afrikaanse Weerdiens om die fooi soos bedoel in regulasie 1(1) vir daardie vlug te bereken.

3. Algemene regulasies

(1) Die fooie soos bedoel in regulasie 1 (1) is betaalbaar ten opsigte van Suid-Afrikaanse vliegtuie en vliegtuie van 'n buitelands staat, tensy 'n ander reëling getref word deur middel van 'n geskrewe ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Weerdiens.

(2) Geen fooie soos bedoel in regulasie 1(1) is betaalbaar ten opsigte van 'n vliegtuig wat betrokke is in soek- en reddingsoperasies en kuspatrollievlugte van die Suid-Afrikaanse Lugmag nie.

BYLAE 1

Fooie vir die verskaffing van lugvaartweerkundige dienste

1. <u>Kategorie 1</u>

Ten opsigte van 'n vliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa (MGM) van 2000kg en hoër, word die fooi vir die verskaffing van lugvaartweerkundige dienste bereken volgens die volgende formule:

Fooi = T x W x D

Waar T = Tariefbedrag in ZAR
W = Vierkantswortel van (MGM in metriese ton gedeel deur 50)
D = Afstand gevlieg in kilometer binne die vluginligtingstreek van Suid-Afrika gedeel deur 100

Die tarief vir die volgende drie finansiële jare is soos volg:

1 April 2006 – 31 Maart 2007	R25.89
1 April 2007 – 31 Maart 2008	R27.00
1 April 2008 – 31 Maart 2009	R28.36

Uitsonderingsreël: Vliegtuie met 'n MGM tussen 2000 en 4999 kilogram wat uitsluitlik onder Visuele Vlugreëls (VVR) funksioneer, ressorteer onder Kategorie 2 hieronder.

2. Kategorie 2

Ten opsigte van 'n vliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa (MGM) onder 2000 kilogram of 'n vliegtuig wat volgens die uitsonderingsreël kwalifiseer, word die tarief op nul gestel.